

Hoofstuk III.

Godsdienstige opvoeding op skool.

(a) Beperkte invloed van die skool.

Hoewel die skool en die onderwyser 'n geweldige aandeel in die opvoeding van die kind neem, moet ons tog nie te hoë verwagtinge daaromtrent koester nie, omdat die invloed van die onderwyser slegs tot vyf of ses uur per dag beperk is. Die res van die tyd is die kind aan ander invloede, soos sy huis, vriende en vermaaklikhede blootgestel.

Van Duyvendijk en Visser vind egter dat die invloed van die skool oorwegend is.¹⁾ Hulle skryf dit aan drieërlei oorsake toe:

1. Die skool werk planmatig, terwyl die straat dit nie doen nie.
Hieruit kan ons aflei dat die invloede wat die kind sistematies ondergaan en wat keer op keer herhaal word, op die duur 'n dieper uitwerking op hom sal hê as al die planlose invloede van sy onmiddellike omgewing.
2. Die skool ~~verteenwoordig~~ die normatiewe by die kind en die straat nie.
Hy glo dus al gou dat wat die skool aan hom leer, goed is en uitgevoer moet word. Die invloed van die straat sal hy dus onbewus toets aan die norme wat die skool aan hom stel.
3. Die skool/....

1) Van Duyvendijk, P. en Visser, J.B. Schoolopvoeding en -onderwijs. p.13

3. Die skool verteenwoordig vir die kind die sfeer van die ouerhede en die straat nie. In die kind se oë is sy onderwyser dus met die selfde gesag beklee as sy ouers. Hy moet hom nie alleen gehoorsaam nie, maar hy sal ook voorwaardelik in hom glo. Maar alles wat sy vriendjies aan hom vertel, sal hy met 'n knypie sout neem en hom afvra wat sy onderwyser daarvan sal sê.

Ons kan hier nog by vermeld dat die kind in die meeste gevalle die onderwyser idealiseer wanneer hy sy vertroue gewen het en dat die invloed van die onderwyser gevolglik baie sterker as die van die straat sal wees, al is die kind slegs 'n klein gedeelte van die dag met hom in aanraking.

Maar hoewel die invloed van die onderwyser na verhouding sterker as die van die straat is, is dit tog beperk, veral as ons bedink dat hy vir 'n groot gedeelte van die dag met blote onderrig besig is en nie met opvoeding nie. Daarom wil ons eers vasstel wat die verskil tussen onderwys en opvoeding is om daarna te bepaal wat die onderwyser se belangrikste taak op skool is.

(b) Wat dit beteken om onderwys te gee.

Om onderwys te gee is eintlik alleen om kennis oor te dra sodat die kind instaat is om sy onmiddellike omgewing te verstaan. Die kennis wat die kind moet verkry is van velerlei aard dog hier word slegs 'n paar vertakkings genoem. om as illustrasie te dien. Hy behoort hom nie alleen vloeiend in sy moedertaal te kan uitdruk nie maar ook in ander tale wat in sy omgewing gebesig word.

Hy moet/.....

Hy moet verder kennis opdoen van sy fisiese en sosiale omgewing, daarom is sosiale studie en natuurstudie belangrike vakke wat sy onderwyser hom moet bring.

Om in sy lewensbehoefte te kan voorsien, moet hy ook met geld kan omgaan en dus n begrip van syfers hê.

Dit moet egter beklemtoon word dat dit die onderwyser se verantwoordelikheid is om aan die kind hierdie en ander nodige kennis oor te dra en dat n groot gedeelte van sy tyd op skool daaraan bestee moet word.

(c) Wat dit beteken om op te voed.

Die meeste opvoedkundiges stem egter saam dat daar nog n ander taak op die onderwyser se skouers rus, nl. om die kind op te voed.¹⁾ Hy is verantwoordelik vir die ontwikkeling van die hele mens, dus nie alleen vir sy verstand nie maar ook vir sy siel en liggaam.

Hy moet verder sy karakter help vorm en probeer om van hom n persoonlikheid te maak. Om dit te bewerkstellig moet hy in die eerste plek goeie gewoontes by die kind aankweek. Verder moet sy emosionele lewe op hegte grondslag geplaas word, deur die kind nie alleen/.....

1) Taute, Ben. Opvoedende onderwys. pp. 56-96.

alleen te leer om sy ingebore emosies in bedwang te hou en te sublimer nie, maar ook deur hom te help om sterk sentimente te vorm. Hoe meer sentimente van gehegtheid, vriendskap en opregte liefde hy kan kweek, hoe n groter eenheid daar in sy emotionele lewe kom.

Ons moet hom ook hoe ideale voorhou en hom leer en aanmoedig hoe om daardie ideale in sy lewe te verwesenlik.

Verder moet die onderwyser hom ook laat besef dat hy verantwoordelik teenoor God is omdat Hy hom die lewe geskenk het. Die onderwyser probeer dus om die kind se gedagtes te prikkel sodat hy oor die vernaamste lewensvrae sal nadink waardeur hy hom kan help om n positiewe lewensbeskouing op te bou.

In al hierdie aktiwiteite is die onderwyser nie besig om onderrig te gee nie maar om die lewe van die kind in die regte rigting te lei, om hom weer na die regte pad terug te bring as hy afgedwaal het en om sy lewe op n hegte fondament te bou. Hy is nou besig om die kind op te voed, te dissiplineer. Want om iemand op te voed is eintlik dieselfde as om iemand te/.....

te dissiplineer. Dit kom besonder goed uit die Duitse woord vir opvoeding. "Erziehung" wat van die werkwoord "ziehen" kom en dieselfde stam as die Hollandse woord vir discipline het, nl. "tug", wat dus beteken om te trek. Daarom kan tug gedefinieer word as: die leiding tot die goeie en die afwending van die slechte.¹⁾ En daarmee is die onderwyser ook besig as hy die kind opvoed.

Dit is egter nie die bedoeling dat die onderwyser op 'n suiwer formele wyse opvoed op dieselfde manier as wat hy planmatig en formeel onderrig gee nie. Dit moet veel meer onbewus plaasvind en moet altyd gepaard gaan met onderrig gee. (Op watter manier dit kan plaasvind word later in hierdie hoofstuk met verskillende voorbeeld verduidelik.) 2/ 1. 1. 32

Ons probleem is egter eers om vas te stel of dit werklik die onderwyser se taak is om behulpsaam te wees by die ontwikkeling van die mens as geheel. Is dit nie beter dat hy hom beperk tot die ontwikkeling van die verstandelike vermoëns van die kind en die res aan die ouers en die kerk oorlaat nie? Met ander woorde: /.....

1) Van Duyvendijk, P. en Visser, J.B. Schoolopvoeding en onderwijs. p.31.

woorde: moet die skool nie slegs 'n onderwysinrigting wees nie?

(d) Moet die onderwyser hom alleen beperk om onderrig te gee, of moet hy ook opvoed?

1. Waarop het in die verlede na nadruk gevval?

As ons die historiese ontwikkeling kortliks nagaan, sal ons bemerk dat daar eers gedurende die afgelope paar honderd jaar nadruk op die opvoedkundige taak van die onderwyser gelê word. Ons wil nie van die voor-christelike tyd melding maak nie, maar as ons 'n studie van die sogenaamde stadskole uit die Middeleeue maak, sien ons dat die vernaamste taak van die skool was om kennis aan die kinders by te bring.¹⁾ Dat dit dikwels op hardhandige wyse gedoen is, weet ons uit die abnormale swaar tugmaatreëls wat by die minste vergryp toegepas is.

Ook tydens die humanisme en renaissance word eintlik dieselfde patroon gevvolg. En al lyk dit of met die reformasie 'n ander doel nagestreef word, bly die skool tog maar leerinstituut. Die kinders ontvang nou lees- en skryfonderrig met die oog op die lees van/.....

1) Coetzee, J. Chr. Opvoedkundige teorie en praktyk deur die eeue. pp. 97-112.
Douwes, B.J. Moderne Paedagogiek. Dl. 3. pp. 11-29.

lees van die Bybel. Ook hier staan dus die verryking van kennis op die voorgrond. Die reformatore het beklemtoon dat dit die taak van die ouers is om die kinders 'n waaragtige godsdienstige opvoeding te gee en dat die skool hierdie taak nie uit die hande van die ouers mag neem nie.

Die realiste en rasionaliste het die aanbring van kennis nog sterker beklemtoon.

Die eerste opvoedkundige wat hiermee eintlik radikaal gebreek het, was August Hermann Francke (1663-1727). Gunning getuig in sy inleiding tot A.H. Francke se werk:

"Het is een vreemde zaak, maar het is zo, het Christendom, de zuurdesem die alles doortrekt, heeft tot op Francke geen eigen pedagogiek ontwikkeld." 1)

In wese was dus die opvoedingstelsel voor Francke suiwer humanisties en deurtrek van Romeins-Griekse lewensbeskouings. Selfs die Reformasie het die kern van die skoolsisteem onveranderd gelaat. Maar Francke het hiermee radikaal gebreek. In sy lewe en sy werke het Francke duidelik 'n bewys gelewer dat hy glo dat Christus die hele mens opeis en dat al sy aktiwiteite deur sy/.....

1) Francke, A.H.: Over de opvoeding der jeugd tot Godzaligheid en wijsheid. p.16.

deur sy lewensbeskouing beïnvloed moet word. In bogenoemde werk laat hy duidelik blyk dat die onderwyser nie slegs kennis moet inprent nie, maar dat hy die kind tot alle godsaligheid en wysheid moet opvoed.

Eers langsaam hand het sy gedagtes ingang gevind en dit is veral die skole met die Bybel, dus die Christelike skole, in Nederland wat die beginsels van Francke ten volle onderskryf het. Dit is in daardie besondere skole, soos hulle partymaal genoem word, waar die onderwyser beide instruksie moet gee en opvoedkundige moet wees.

2. Sewe opvattinge volgens Waterink.

Volgens Prof. J. Waterink is daar sewe opvattinge in verband met die taak van die skool.¹⁾

- (i) In die eerste plek noem hy die ou opvatting dat die skool net onderwysinrigting moet wees. Hoewel die opvoedkundige taak van die skool sedert Francke baie beklemtoon word, het hierdie eerste opvatting nog baie aanhangers.
- (ii) n Gematigde groep propageer dat die skool in die eerste plek onderwysinstituut moet wees, maar dat die kinders ook opgevoed moet word so lank hulle op skool is. Aan hierdie opvoeding moet die skool deel hê as dit toevallig op sy pad kom.

(iii) n Variasie/...

1) Waterink, J. Gronslagen der Didactiek. pp. 15-17.

- (iii) n Variasie op hierdie opvatting is dat die onderwyser die leerstof goed moet bestudeer en moet nagaan of dit opvoedkundige tendense het wat hy by die persoonlikheids- en karaktervorming van die kind kan gebruik.
- (iv) n Volgende groep beklemtoon weer die feit dat dit nie so belangrik is of die skool by die kind kennis kan bybring nie, maar dat dit meer waarde het as die onderwyser die kind kan leer dink. Dus die skool se vernaamste doel, volgens hierdie opvatting, moet wees om die kind verstandelik te ontwikkel sodat hy die regte gebruik van sy intelligensie kan maak.
- (v) n Ander groep beskou die skool vernaamlik as opvoedingsinstituut en die bybring van kennis is middel om die kind se persoonlikheid te help vorm.
- (vi) n Volgende groep gebruik die skool om die kind n sekere belangrike lewensbeskouing te leer. Die vernaamste doel van die skool, volgens hierdie rigting, is om die kind n regte burger van die staat te maak sodat hy lid van n bepaalde politieke gemeenskap kan word. Dit het in die fassistiese en nasionaal-sosialistiese state gebeur en volgens daardie resep word die kinders in die kommunistiese lande nog gevorm.
- (vii) En laastens is daar n groep wat beklemtoon dat die kind met die oog op die tyd opgevoed moet word. Die meeste huwelike is so ontwrig dat daar eintlik van gesinsopvoeding geen sprake meer is nie. Die skool moet dus die taak oorneem.

3. Die standpunt van hedendaagse Christenopvoedkundiges.

Hoewel elkeen/... .

Hoewel elkeen van bogenoemde standpunte 'n kern van waarheid bevat, is hulle tog almal eensydig. Ons moet by die Bybelse standpunt bly om die kinders tot mense Gods te vorm wat tot alle goeie werk volkome toegerus is.¹⁾ Dit is veral H. Bavinck, J.H. Gunning, J. Waterink en ook die Suid-Afrikaanse opvoedkundige J. Chris Coetzee wat dit beklemtoon. Ons moet die kinders dus in die eerste plek die regte opleiding gee en die noodsaaklike kennis verskaf sodat hulle die goddelike taak hier op aarde kan uitvoer. Maar ter selfdertyd moet hulle God leer ken, verheerlik en dien. Deur in Sy diens te staan, sal hulle ook leer om hulle naaste te dien waardeur hulle tot sterk persoonlikhede en karaktere kan ontwikkel.²⁾

In werklikheid kan opvoeding en onderwys dus nooit geskei word nie. As ons onderwys gee, voed ons tegelykertyd op en in ons opvoeding is ons tog altyd besig om onderwys te gee. Indien iemand met hart en siel onderwyser is en hy weet hoe om die regte belangstelling te wek en te behou, sal hy deur sy woorde alleen al 'n geweldige invloed op die kinders kan uitoefen/....

1) 2 Tim. 3:17.

2) Waterink, J. Opvoeding tot persoonlijkheid. p.35.

oefen. As hy ook nog 'n persoonlikheid is met 'n positiewe lewensbeskouing en hy lewe dit ten volle uit, sal hy elke oomblik van die dag met opvoedingswerk besig wees.

Opvoeding en onderwys is derhalwe so inmekaar geweef dat niemand kan sè wanneer hy met die een of met die ander besig is nie.

Omdat ons in hierdie proefskrif spesifiek die godsdienstige opvoeding aan die Batswana Opleidingskollege wil behandel, moet ons ook nagaan of die opvoedkundigstaak op Bantoeskole meer of minder belangrik is as die op blanke skole.

(e) Die opvoedkundigstaak van die ouers volgens die Skrif.

Volgens die Bybelse standpunt is die ouers ten volle verantwoordelik vir die godsdienstige opvoeding van hulle kinders. Heel duidelik kan dit in die laaste vermaningsrede van Moses aan sy volk beluister word.

Elke Joodse vader het die plig om die kind in die Joodse godsdienst in te lyf. Die woorde van Moses is daarby meer as duidelik: "En jy moet dit jou kinders inskerp en daaroor spreek as jy in die huis sit en as jy op die pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan.

Ook moet/.....

Ook moet jy dit as 'n teken bind op jou hand en dit moet as 'n voorhoofsband tussen jou oë wees. En jy moet dit op die deur van jou huis bind en op jou poorte skrywe."¹⁾

Ook die Nuwe Testament spreek gereeld van die verantwoordelikheid van die ouers teenoor die kinders.

Veral Paulus beklemtoon dit verskillende male.²⁾ In die doopsbelofte word dit ook van die ouers vereis om die kind in die leer na hulle vermoë te onderrig of te laat onderrig.

Volgens die Bybel bly die ouers dus verantwoordelik vir die opvoeding van hul kinders. Maar omdat dit in die moderne gekompliseerde maatskappy vir die ouers amper onmoontlik is om hulle opvoedkundige taak ten opsigte van die kinders ten volle te kan behartig, het hulle 'n deel van hulle pligte aan die kerk en skool toevertrou. Maar die ouers bly nogtans ten volle verantwoordelik.

1. Hoe die blanke ouer sy verantwoordelikheid ten opsigte van sy kind kan toon.

Omdat die gelowige ouer die plig het om sy kinders in die vrees van die Here op te voed, moet hy ook die reg hê om vas te stel of die invloede buite die huis nie teenstrydig met sy beginsels is nie. In die drie Afrikaanse kerke kan hy deur middel van 'n wettige/.....

1) Deut. 6:7-9.

2) Efes. 5 en 6. Kol. 3.

wettig verkose kerkraad kontrole uitoefen op die godsdienstige onderrig wat sy kinders in die kerk ontvang. Elke lidmaat is ook geregtig om besware te opper indien die godsdiensonderrig wat sy kind ontvang, nie volgens die leer van sy kerk plaasvind nie. Dit gebeur egter selde dat 'n gewone lid 'n predikant sal aankla.

Maar dit is moontlik dat 'n ouer ontevrede met 'n onderwyser is omdat sy lewensbeskouing radikaal met dié van die ouer verskil. In so 'n geval het die ouer die reg om deur middel van sy skoolraad of 'n komitee ondersoek te laat instel as hy meen dat sy kind nie die regte opvoeding ontvang nie.

Die deursnee blanke ouer wat nog volgens positiewe Christelike beginsels probeer lewe, is deurgaans van sy verantwoordelikheid teenoor God bewus en as die kind die skoolgaande ouerdom bereik, is die fondament van die godsdienstige opvoeding in die meeste gevalle al gelê en kan die onderwyser daarop voortbou. Gedurende die hele skoolloopbaan van die kind sal die Christenouer altyd beseft dat hy tog gereeld in voeling met die skool moet bly om uit te vind of sy kind wel volgens Christelike beginsels opgevoed word.

2. Watter verantwoordelikheid voel die Bantoe-ouers ten opsigte van hulle kinders?

In die eerste plek moet ons in aanmerking neem dat daar/...

dat daar 'n groot verskil tussen die blanke en bantoe-opvatting van die begrip "gesin" bestaan. Volgens die blanke, westerse beskawing is die vader die hoof van sy gesin, en as hy oor sy gesin praat, dink hy in terme van sy vrou en kinders. Wat die opvoeding betref, voel hy hom slegs verantwoordelik ten opsigte van sy eie kinders en nie ten opsigte van sy broers of susters se kinders nie, tensy hy miskien wettig voog van hulle is.

Die bantoe beskou egter die gesin veel ruimer en selfs neefs en niggies tot in die derde en vierde geslag word as sy kinders beskou waarvoor hy verantwoordelik is.¹⁾ So 'n groot familie-eenheid word in Engels 'n "Clan" genoem. In so 'n bantoe-familie in ruimer sin is die hoofman die eintlike vader en het hy seggenskap oor die lot van al die kinders.

Hoewel die Christendom hierin verandering gebring het, is daar nog maar min ouers wat besef dat hulle aan God verantwoording verskuldig is ten opsigte van die opvoeding van hulle kinders.

In die Bantoe tuislande is die meeste volwassenes nog/.....

1) Brown, L. en W. The Christian Family. pp.20-22.

nog ongeletterd. In die omgewing van Mafeking bv. is daar streke waar tagtig tot negentig persent nog nie kan lees of skryf nie. Alhoewel n aantal gedoop is en miskien aan n kerk behoort, gee hulle met graagte die verantwoordelikheid aan die kerk en skool oor om aan hulle kinders n godsdienstige en verstandelike opvoeding te gee.

Dat die kerk en skool in een asem genoem word, lê in die historiese agtergrond. Daarom moet die ontwikkeling van bantoeskole eers kortlik geskets word.

3. Die ontstaan en ontwikkeling van bantoeskole in Suid-Afrika.

Voor die Anglo-Boereoorlog het die sendingsgenootskappe skole gestig en onderhou. Nadat die blanke sendelinge op verskillende plekke klein gemeentes gestig het wat uit n aantal volwassenes van n stam bestaan het, het hulle al spoedig oorgegaan om onderrig te gee in lees, skryf en rekene aan die

pas gedooptes/...

pas gedooptes en hulle kinders.

Skrywer hiervan was jarelank op die sendingstasie Bothsabelo, naby Middelburg, as onderwyser en later as hoof werksaam en sal trag om 'n noukeurige beeld te gee van die hele ontwikkeling van die onderwys soos dit op die sendingsveld was voor die departement van Bantoe-onderwys die skole oorgeneem het.

In 1864 is die sendingstasie deur A. Merensky, vader van wyle Dr. Hans Merensky, gestig. Uit die annale van Bothsabelo lees ons dat daar in 1868 al 'n skool van 150 kinders bestaan het wat in 1871 tot 250 aangegroei het. In 1879 het die inskrywing selfs tot 359 gestyg.¹⁾

Die bou/....

1) What God does. See Modimo a se dirago. p:58.

Die bou en onderhoud van die skole aldaar, asook die salarisse van die onderwysers, is geheel en al deur die Berlynse Sendinggenootskap georganiseer en gefinansier.

Dit het so voortgegaan tot die end van die Anglo-Boereoorlog, toe die staat vanaf 1902 begin het om al die skole te laat registreer, waarna besluit is om aan al die sendinggenootskappe finansiële hulp te verleen en salarisse aan die onderwysers te betaal. Wat die aanstellings van die onderwysers betref, het die sendinggenootskappe nog volle seggenskap behou. En wat die leerplan betref, is die vak godsdiensonderwys in die meeste gevalle deur die plaaslike sendelinge self behartig. Die staat het hom slegs die reg toegeeën om kontrole uit te oefen deur gereeldé inspeksies te hou. Hierdie gang van sake het tot 1955 voortgeduur. toe die Departement van Bantoeonderwys al die skole oorgeneem het.

Omdat die meeste ouers nog ongeletterd was, was hulle maar te dankbaar dat die volle verantwoordelikheid van die godsdiestige en verstandelike opvoeding op die kerk en skool gevall het. Weens die feit dat stamhoofde onder die heidense Bantoes die eintlike seggenskap oor al die kinders van die stam gehad het, was dit vir die Christenouers nie vreemd om die volle autoriteit van die kerk/....

die kerk ten opsigte van sy kinders te erken nie.

By die gelowige bantoe het die kerk dus eintlik die plek van die stam ingeneem en die plaaslike predikant, dié van die kaptein. Onder die sektariese, sionistiese bewegings wat so 'n geweldige opgang onder die bantoes maak, sien ons dit heel duidelik. In the Zion Christian Church bv. het Lekganyane, die leier, eintlik veel meer mag as die meeste kapteins vandag in die tuislande.¹⁾

Nadat hele gemeenskappe tot die Christendom oorgegaan het, het die meeste kerke besef watter geweldige verantwoordelikheid daar op hulle skouers gerus het. Hulle moes nie alleen primêre skole oprig nie, maar ook sorg dat daar voldoende onderwysers beskikbaar is om aan al die kinders onderrig te gee. Die volgende probleem wat hulle onder die oë moes sien, was dus om die nodige fasiliteite vir opleidingskolleges vir onderwysers te kry. Die Lutherse sendinggenootskap het in 1906 in Transvaal so 'n opleidingskollege geopen nl. op Bothsabelo. Destyds was die toelatingsvereiste slegs 'n standerd III-sertifikaat. 'n Kenmerk van die eerste opleidingskool was dat dit slegs uit mans bestaan het. Eers in 1930 het daar verandering gekom en is die eerste meisiesstudent daar ingeskryf.

Daarna is/....

1) Martin, Marie-Louise. The Biblical Concept of Messianism and Messianism in Southern Africa. pp130-134
Van Rooy, J.A. Sinkretisme onder die separatistiese sektes in Vendaland. p.35.

Daarna is die toelatingskwalifikasies verhoog en moes elkeen in besit van 'n Standerd VI-sertifikaat wees voor hulle die driejarige professionele opleiding kon begin. Aan die end van 'n suksesvolle opleiding het die leerlinge in besit gekom van die sogenaamde "derdejaar onderwyssertifikaat" en was hulle bevoeg om in die primêre skole onderrig te gee. In 1937 is met die hoër onderwyserskursus begin, met die Juniorsertifikaat as toelatingsvereiste.

In die meeste opleidingskole is die Laer Onderwyserskursus nou afgeskaf, maar aan die Batswana Opleidingskool bestaan dit nog, omdat daar 'n geweldige tekort aan onderwyseresse is. Die Laer Onderwyskursus is net vir meisies en hulle moet in besit wees van 'n Vorm I sertifikaat. Na 'n tweejarige suksesvolle opleiding is hulle bevoeg om vanaf die Substanderds tot en met Standerd II onderrig te gee.

Ook die sekondêre skole het met rasse skrede vooruitgegaan, veral sedert die Bantoe Universiteitskolleges spesiale onderwyserskursusse begin het. Die toelatingsvereiste van hierdie kursusse is die matrikulasiesertifikaat. Na voltooiing van 'n tweejarige kursus is hulle die aangewese persone om in 'n hoërskool geplaas te word. Die meeste van hierdie studente voltooi hulle B.A.-graad as eksterne kandidate.

(iv) Die/.....

(iv) Die belangrike opvoedkundige taak van die bantoe-onderwyser.

Vandat die Bantoe Onderwysdepartement in 1955 al die skole oorgeneem het, is die invloed van die kerk op die onderwys baie aan die kwyn en word die beleid wat onderwys en opvoeding betref ten volle deur die staat bepaal. Al die opleidingskolleges het daarna ook staatsinrigtings geword.

Die invloed van die ouers in die skole bestaan dus prakties nie meer nie, behalwe miskien in die gemeenskapskole waar die skoolrade by die aanstelling van onderwysers nog invloed het.

Ons kan derhalwe tot die gevolgtrekking kom dat die opvoedkundige taak van die onderwyser in bantoeskole groter is as by blanke skole, omdat hy in die meeste gevalle ook nog die fondament van die godsdienstige en morele opvoeding moet lê. Dit laai 'n dubbele verantwoordelikheid op die skouers van die onderwyser, omdat hy eintlik ook die opvoedkundige taak van die ouers op hom moet neem. Om hierdie rede is dit van die allergrootste belang dat die kandidate vir die bantoe opleidingskolleges grondig getoets moet word voor hulle toelating. Verder is dit noodsaaklik dat gedurende die tweejarige opleiding aan karakterbou en persoonlikheidsontwikkeling grondige aandag bestee moet word.¹⁾ Want as die jong onderwyser, na voltooiing/...^{...}

1) Waterink, J., Opvoeding tot persoonlikheid, p.25.

voltooiing van sy kursus, na die primêre skole uitgestuur word, moet hy nie alleen vir die verstandelike ontwikkeling van die kind sorg dra nie, maar is hy ook vir sy hele opvoeding verantwoordelik, veral wat die morele en godsdienstige aspek daarvan betref.

Dit sal, in bantoe-gemeenskappe waarskynlik nog jare duur voor die ouers sal besef dat hulle verantwoordelik is vir die godsdienstige en sedelike opvoeding van hulle kinders. Hulle moet langamerhand tot die insig gebring word dat die skool alleen maar moet help om die gebou, waarvan die ouers die fondament gelê het, te voltooi. Dit is veral die onderwyser se plig om die ouers hierin met raad en daad tersyds te staan en die noodsaaklike leiding te gee. Dit is ook van die grootste belang dat die blanke leerkragte wat aan bantoe-opleidingskolleges aangestel word, met die uiterste sorg gekeur moet word, omdat hulle die bantoe-onderwysers vir daardie verantwoordelike werk moet oplei. As dit in verkeerde hande val, kan daar groot skade veroorsaak word wat nie maklik weer herstel kan word nie.

(f) Vergelyking tussen die verhouding van kerk en skool by blankes en by bantoes.

As ons die geskiedenis van die blanke skole met die/....

die ontwikkeling van die bantoeskole vergelyk, is daar 'n sekere ooreenkoms te bespeur.

By die aanstelling van die eerste blanke onderwysers in die Kaap het die kerk 'n groot rol gespeel. Die kerkraad het die betrokke onderwyser eers noukeurig geëksamineer om uit te vind of hy kon lees, skryf en met syfers werk. En verder is ondersoek ingestel na die suiwerheid van die leer van die betrokke kandidaat. As alles in orde gevind is, moes hulle eers die drie Formuliere van Enigheid onderteken voor hulle aangestel is.¹⁾ Die skool was in baie gevalle 'n verlengstuk van die kerk en het ten doel gehad om die kinders tot kerklike aanneming te bring.

By die Voortrekkers in die Vrystaat en Transvaal was die doel van alle skoolonderwys ook om die kinders belydenis van die geloof te laat aflê.²⁾ Die onderwyser was dikwels verplig om behulpsaam te wees as voorleser,

1) Venter, E.L.J. Die verband tussen kerk en skool in Suid-Afrika. p.7.

2) Ibid. p.10.

voorleser, koster en krankebesoeker en was dus eintlik in diens van die kerk. Die gevolg van dit alles was dat daar by die Afrikaanse volk prakties geen analfabete voorgekom het nie, omdat niemand belydenis van die geloof kon aflê alvorens hy kon lees en skryf nie. En volgens Venter het die persentasie analfabete destyds baie gunstig met die van ander volke vergelyk wat volop skole en onderwysers gehad het.¹⁾

Ook vandag speel die Afrikaanse kerke nog 'n belangrike rol in die beheer van skole. Deur middel van skoolkomitees en skoolrade, waar meestal die drie Afrikaanse kerke verteenwoordig is, word sorg gedra dat die regte hoofde en onderwysers aangestel word.

Die sendinggenootskappe wat in die vorige eeu in Suid-Afrika werksaam was, het eintlik dieselfde doel voor oë gehad. Na die stigting van gemeentes is dadelik tot die bou van skole oorgegaan. Die enigste/....

1) Venter, E.L.J. Die verband tussen kerk en skool in Suid-Afrika. p.11.

enigste vakke op daardie sendingskole was Godsdiens-onderrig, lees, skryf en rekene. Die vernaamste doel van die skoolonderrig was om die kinders so ver te kry dat hulle self die Bybel kon lees en bestudeer sodat hulle belydenis van die geloof kon aflê. Die oprigting van opleidingskolleges vir onderwysers het ook van die kerk uitgegaan, en die leerlinge wat hulle driejarige kursus voltooi het, is dadelik op sendingskole aangestel.

In baie gevalle het evangeliste se kursusse parallel met onderwyserskursusse geloop en geordende evangeliste het dikwels ook as onderwysers opgetree.¹⁾

Tot 1955 het al die opleidingskolleges onder die sendinggenootskappe gestaan en is hulle slegs deur die staat gesubsidieer, wat o.a. ook die salarisse van die onderwysers betaal het. Die koshuise wat aan al die kolleges verbonde was, was in alle gevalle kerkkoshuise en die plaaslike sendelinge was tegelykertyd die/.....

1) What God does. Ibid. p.60.

die superintendent van die koshuise wat ook die aan-

neming van die nuwe leerlinge in sy hande gehad het.

Al die Bantoe-onderwysers wat voor 1956 klaarge-

maak het, het derhalwe in noue voeling met een of

ander sendingsgenootskap gestaan. As voorbeeld dien

die sendingstasie Bothsabelo wat 'n groot gedeelte van

die Sepedisprekendes bedien het. Die opleidings-

kollege van Thsākhuma in Noord-Transvaal het vir die

Venda's gesorg. Beide kolleges is deur die Lutherse

sendingsgenootskap in stand gehou. Lemana, by Louis

Trichardt, het onder die Switserse sendinggenootskap

gestaan, terwyl Kilnerton by Pretoria deur die Meto-

distekerk bestuur is. Vir die Tswanasprekendes in

Wes-Transvaal het die Hermannsburgse Duitse sending-

genootskap die Bethel opleidingskollege naby Lichten-

burg begin. Ook die Nederduits Gereformeerde kerk

het sy aandeel gehad by die opleiding van onderwysers.

Die name van die Bethesda opleidingskollege naby

Pietersburg en die Stofberg Gedengeskool in die Vrystaat

is genoeg/....

is genoeg om n beeld te gee van die werk wat een van die Afrikaanse kerke op hierdie gebied verrig het.

Baie van die opgeleide leerkragte was in die kerk as evangeliste en sondagskoolpersonnel behulpsaam.

Die kerke het in hierdie eeu voor 1956 dus die fondament gelê waar die Departement van Bantoe-onderwys nou op voortbou. Sonder daardie hegte fondament sou die buitengewone groei van Bantoeskole nooit kon plaasgevind het nie.

Die invloed van die kerke sal bly, omdat die meeste onderwysers die sterk band van die kerk nog gevoel en baie van hulle nog behulpsaam is in sondagskole of werksaam is as evangeliste.

In die afgelope vyf jaar het die staat self verskillende opleidingskole opgerig, waaronder die Batswana Opleidingskool wat eers vanaf Augustus 1962 dateer. Ook hier het die kerk nog n groot

aandeel/....

aandeel in die godsdienstige opvoeding van die leerlinge. Nie alleen word jaarliks deur die prinsipaal n program van kerkdienste opgestel waaraan die Nederduits Gereformeerde, Lutherse, Metodiste en Anglikaanse kerke deelneem nie, maar ook word toegelaat dat die betrokke predikant weekliks aan hulle dooplidmate katkisasieklasse gee. Verder is daar n sterk Christelike Jeugvereniging waar veral die Ned. Gereformeerde Kerk met n paar medewerkers leiing gee.

Die noue samewerking tussen kerk en skool in die bantoe tuislande wat al by die stigting van die verskillende sendingstasies begin het, het dus tot 1956 voortgeduur. Hoewel die bevoegdheid in 1956 aan die kerk ontneem is om skole en opleidingskolleges op te rig en die staat die hele skoolorganisasie oorgeneem het, stel die staat die samewerking van die kerk nog ten seerste op prys. Veral in die staatskolleges word gereeld, deur middel van die betrokke prinsipale, n beroep op die erkende kerke gedoen om in die godsdienstige opvoeding van die leerlinge n aandeel te hê.

deur middel/...

deur middel van kerkdienste en katkisasieklasse.

(g) Wat is godsdienstige opvoeding?

In die voorafgaande gedeelte is noukeurig vasgestel wat onder opvoeding en onderwys verstaan moet word en dat beide so heg aan mekaar verbonde is dat moeilik vasgestel kan word wanneer die onderwyser met opvoeding besig is en wanneer hy onderwys gee. Omdat ons hoofdoel is om 'n besondere studie van die godsdienstige opvoeding aan die Batswana Opleidingskollege te maak, wil ons nou aan daardie afdeling van die opvoeding ons aandag wy.

Voor ons egter gaan bespreek hoe die onderwyser die godsdienstige opvoeding in die verskillende skoolvakke tot sy reg kan laat kom, sal ons eers probeer vasstel wat onder godsdienstige opvoeding verstaan word.

Teenoor godsdienstige opvoeding kan die begrip sekulêre of wêreldlike opvoeding geplaas word. Alle opvoeding wat die kind alleen vir hierdie wêreld wil opvoed, wat dus "diesseitig" is, kan as wêreldlike opvoeding beskou word. Maar alle opvoeding wat die finale bestemming van die mens in die oog het, wat dus "jenseitig" is, kan as godsdienstige opvoeding beskou word. Gunning sê:

"Een wereldlijke opvoeding is georiënteerd naar en gericht op de Daseinskultuur, een godsdienstige/....

godsdiēstige opvoeding van een mens op als geestelik wezen, thuisbehorend in die wereld des geestes, en gaan uit op redding en handhaving zijner geestelike existentie". 1)

By die wêreldlike opvoeding staan die mens en al sy aktiwiteite in die middelpunt en die opvoeder stel alleen maar belang hoe hy die kind op die beste wyse deur hierdie wêreld kan lei na 'n sekere "diesgeitige" bestemming wat by sy begaafheid en geaardheid pas.

Maar by die godsdiēstige opvoeding word die mens bewus gemaak dat hy in diens van 'n Ander staan wat die middelpunt van sy lewe is, wat sy lewe moet beheers, aan Wie hy verantwoording skuldig is en wat hom tot oor die graf moet lei. By die godsdiēstige opvoeding is die wêreld en al die menslike aktiwiteite wat die mens hier verrig, nie minderwaardig nie maar hy besien alles met 'n ander blik en voer al sy pligte met 'n ander doel uit. Die godsdiēstige opvoeding het die mens as geheel in die oog en wil nie alleen sy liggaam en gees tot volle ontwikkeling bring nie, maar ook sy siel opvoed.

Dus volgens die godsdiēstige mens is alle opvoeding eintlik godsdiēstige opvoeding. Hy besef dat hy sy lewe van God ontvang het, dat hy in sy diens staan en dus in alles aan Hom verantwoording verskuldig is.

Prof. Waterink/....

1) Gunning, J.H. Verzamelde Paedagogische werken.
Nieuwe reeks. p.10.

Prof. Waterink omskryf die doel van die godsdiens-tige opvoeding as volg:

"De feitelijke doelstelling van de gods-dienstige opvoeding ligt daarin dat er een mens opgroeit, die op de plaats waar God hem in het leven stellen zal, in alle levensverbanden zijn God kan dienen naar Zijn wil, overeenkomstig Zijn Woord, in gemeenschap met Christus en geleid door de Heilige Geest." 1)

Die doel van die godsdiens-tige opvoeding is ook die vorming van die mens, van die mens as geheel sodat hy Hom kan dien in alle lewensfere. Die godsdiens-tige opvoeding is alleen maar moontlik omdat daar n godsdiens-tige aanleg in elke mens aanwesig is. Die bekende kerkvader uit die derde eeu, Tertullianus, het al geskryf dat " die siel van nature Christin" is. 2)

Bavinck erken ook dat daar n godsdiens-tige aanleg is. Maar die godsdiens-tige aanleg is nie vol-doende nie, dit moet deur middel van invloede van binne en van buite ontwikkel word. Bavinck noem drie-eerlei invloede wat die ontwikkeling van die godsdiens-tige aanleg kan beïnvloed:

1. Die ervarings wat die kind self opdoen.
2. Die gevoel van afhanklikheid wat deur die ouers in bepaalde rigtings geleid moet word.
Die ouers laat bv. blyk dat hulle ook aan n hoërl....

1) Waterink, J. Theorie der opvoedkunde.

2) Van der Zweep, L. De Paedagogiek van Bavinck.p.168.

n hoër mag onderworpe is en dat Hy ons van alle goeie gawes voorsien.

3. Die voorbeeld wat instinktief deur die kind gevolg word. 1)

Die invloede van buite word deur die Heilige Gees wat in die kind werk moontlik gemaak en Hy is behulpsaam in die godsdienstige vorming van die mens.

(h) Godsdienstige opvoeding en Christelike opvoeding.

Daar is verskillende opvoedkundiges wat die term, Christelike opvoeding, bo die term godsdienstige opvoeding verkies, omdat die begrip godsdienstige opvoeding ook die opvoeding van die Budiste, Mohammedane en ander godsdienste kan bedoel.

In hierdie verband kon veral die Amerikaanse opvoedkundige Frank E. Gaebelin genoem word. Hy sê tereg: "There are many religions, there is only one Christianity." ²⁾ En daar is net een waarheid en dit is/.....

1) van der Zweep, L. De Paedagogiek van Bavinck. p.168..

2) Gaebelin Frank, E. Christian Education in a democracy. p.13.

dit is Hy wat gesê het: "Ek is die Weg, die Waarheid en die Lewe." (Joh. 14:6) Daarom sê Gaebelin: "The master text of Christian Education is: Ye shall know the truth and the truth shall make you free." (Joh. 8:32) ¹⁾ En verder sê hy: "And so, while our call to education is a call back to the Bible and Christ, it is at the same time a summons to go foward with Him. In Him is the life more abundant, the highest goal of education. His greatest victories are yet to come. He is Lord of the future as well as of the past, for He alone can declare: I am He that liveth and was dead, and behold, I am alive for evermore." (Rev. 1:18) ²⁾

Ook Gunning gebruik die term: Christelike opvoeding, en hy definieer n Christelike opvoeding as n opvoeding "die doortrokken is van en beheerst wordt door Christelike beginsele." ³⁾

Volgens hom is Christelike opvoeding nie aan uiterlike/....

1) Gaebelin, Frank, E. Christian Education in a democracy. p.17.

2) Ibid. p.17.

3) Gunning, J.H. Verzamelde Paedagogische Opstellen. Deel II. p.119

uiterlike kriteria herkenbaar nie, omdat dit iets van die hart is en alleen aan die vrugte herken kan word. Wat die doel van die Christelike opvoeding betref, sê Gunning:

"Voor een Christen ligt het eigenlijke doel der opvoeding aan gene zijde des grafs. Wij voeden onze kinderen niet op voor het tijdelijke, maar voor het eeuwige leven."¹⁾

Gunning beskou die verantwoordelikheid van die opvoeder van die grootste belang. Hy sê.

"De Christelijke opvoeder is slechts man-daathouder, hy handelt niet uit eigen machtsvolkomienheid, hy is slachts zetbaas."²⁾

En verder gaan hy voort:

"Herbart zegt: De opvoeder vertegenwoordigt de mens bij het kind. De Christelijke opvoeder zegt: De opvoeder vertegenwoordigt

God/.....

1) Gunning, J.H. Verzamelde Paedagogische Opstellen.
Deel II. p.125.

2) Ibid. p.129.

God bij het kind."¹⁾

Dus volgens Gunning is 'n Christelike opvoeding 'n opvoeding

"die naar Christus georiënteerd is,
wier poolster Christus is. Een
Christelijke opvoeding is dus zoveel
mogelijk een weerspiegeling van Gods
opvoeding in en door Christus." ²⁾

As 'n Christenopvoeder oor daardie waarheid nadink,
moet hy homself afvra: Wie is tot daardie groot
verantwoordelikheid in staat? Daarom sê Gunning
ook:

"De geweldigste autonomia der Christelijke
Paedagogiek is de absolute verantwoordelikheid en de volkome machtelosheid der
opvoeder." ³⁾

Wat is nou Gunning se oplossing? Alleen die
gebed, die gebed om die Heilige Gees, wat ons in
alle waarheid sal lei en ons ook wysheid en kragte
sal gee/....

1) Gunning, J.H. Verzamelde Paedagogische Opstellen.

2) Ibid. p.142. Deel II. p.129.

3) Ibid. p.130

sal gee om daardie onmoontlike taak te kan uitvoer.

Daarom besluit Gunning:

"We moeten minder met onze kinderen, maar meer over onze kinderen spreken met God."¹⁾

Ook Kohnstamm verkies om van Christelike opvoeding te spreek.²⁾

Hy noem as die belangrikste doel van die Christelike opvoeding, om die kind innerlike vrede te probeer gee, en "innerlijke vrede kan volgens een Christen alleen bereikt worden in en door de gemeenschap met Hem in wien die persoon van Gods zekende liefde ons tegemoet treedt."³⁾

Ook Coetzee spreek van 'n Calvinisties-Christelike opvoeding en hy beskou as hoogste doel van ons lewe en opvoeding soos dit uitgedruk is in Psalm 34:12-15, nl.

1. Om die/....

1) Gunning, J.H. Verzamelde Paedagogische Opstellen. Deel II. p.130.

2) Kohnstamm, Ph. Persoonlijkheid in wording. p.87.

3) Ibid. p.105.

1. om die Here te vrees,
2. om die waarheid te soek,
3. om die kwaad te ontwyk,
4. om die goeie ta doen en
5. om die vrede na te jaag.²⁾

Prakties maak dit egter geen verskil watter term ons gebruik nie, omdat hy alle Christelike opvoedkundiges dieselfde inhoud gegee word aan godsdienstige opvoeding en christelike opvoeding, nl. dat dit opvoeding is wat ten doel het om die kind tot mens van God te maak wat tot alle goeie werk volkome toegerus is. (2 Tim. 3:17.)

(i) Hoe die godsdienstige opvoeding in die verskil-lende skoolvakke tot sy reg kan kom.

1. Algemene opmerkings.

Na aanleiding van voorafgaande beskouings kan

verstaan word/...

1) Coetzee, J. Chris. Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opyoedkunde. pp.283-285.

verstaan word dat die godsdiens-tige opvoeding nie slegs die verantwoordelikheid van 'n enkele dosent is nie, maar van elke onderwyser. Ons hele lewe moet in die lig van die evangelie staan en die leerlinge moet aan ons kan merk uit watter beginsels ons lewe.

Dit is veral belangrik aan die Bantoe-opleiding-skole waar die Christelike beginsels die fondament van al ons onderwys en opvoeding moet vorm. Die goue lyn van die evangelie wat deur die kerke in die vorige eeu in al ons skole getrek is, mag nie verbreek word nie. En gelukkig word dit deur die ouoriteite ingesien.

Want wat in geen enkele blanke onderwysdepartement nog ingevoer is nie, is deur die Bantoe-onderwysdepartement neergelê, nl. die benoeming van 'n spesiale inspekteur vir Godsdiensonderrig. Hy is nie alleen verantwoordelik vir die leerplanne in Godsdiensonderrig in die primêre-, hoër- en opleidingskole nie, maar beklêmtoon ook gereeld die feit dat godsdiensonderrig nie net 'n vak soos ander skoolvakke is nie, maar dat dit die hele skool ten goede moet beïnvloed, sodat die skool nie langer 'n neutrale skool plus godsdiensonderrig is nie, maar 'n skool wat uit positiewe Christelike beginsels lewe. Dus, al sal die onderwyser wat bv. taalonderrig doseer gladnie oor God en sy gaboogie spreek nie, kan hy deur sy hele persoonlikheid en die manier waarop hy les gee/.....

les gee en met sy leerlinge omgaan, al 'n belangrike faktor in die godsdiestige opvoeding wees.

Maar in elke vak sal daar voldoende geleenthede wees waar die onderwyser op sekere Christelike beginsels kan wys, veral in hoërskole en opleidingskole waar die meeste leerlinge al oor die probleme van die lewe nagedink het en ook miskien al besef wat God van hulle verwag.

Daarom wil ons eers nagaan watter belangrike rol die vakonderwysers aan die opleidingskole in die godsdiestige opvoeding van sy leerlinge kan speel.

2. Die taalonderwyser en godsdiestige opvoeding.

Die vraag kom by ons op hoe die taalonderwyser sy kinders godsdiestig kan beïnvloed.

Ons het al in die vorige hoofstuk daarop gewys dat die mens die enigste wese is tot wie God spreek en dat die mens dus so geskape moet wees dat hy in staat is om na die stem van God te kan luister. Die Christen glo dat die vernaamste middel waardeur God tot ons spreek Sy Woord is. Maar nadat Hy tot ons gespreek het, verwag Hy ook 'n antwoord van ons en daarom het God 'n stem aan ons geggee waarmee ons met Hom in gemeenskap kan tree. Daardie antwoord van die mens kan die gebed genoem word waarvan ons soveel pragtige voorbeeld in die Skrif het. Die diepste gedagtes wat 'n mens in die gebed uitspreek/....

gebed uitspreek, kan hy gewoonlik in sy moedertaal die beste weergee. Die kind moet dus nie alleen goed leer lees en die gelese deel verstaan nie, maar hy moet ook leer om sy gedagtes in sy moedertaal uit te druk sodat daar n gesprek kan ontstaan. Dit kan al in die huisgesin begin en moet later in die skool voortgesit word. Daar kan die onderwyser hom leer dat die persoonlike gebed eintlik n gesprek tussen hom en God is, en hom dan verder deur middel van praktiese voorbeeldde verduidelik dat die regte kontak tussen mens en mens en tussen die mens en sy God alleen maar deur die spontane gesprek gelê kan word. Slegs daar-deur sal ons ons naaste beter leer verstaan, nie alleen in sy denklewe nie maar ook in sy gevoelens en sy streve. En as ons mekaar verstaan, sal ons ook makliker die gebod van God om mekaar lief te hê, kan opvolg.

Dit is veral die plig van die onderwyser om ook op hierdie aspek van die taal die nadruk te lê. Want al spreek twee mense dieselfde taal met mekaar, is daar nie altyd die regte begrip nie, omdat ons nie probeer om in die gedagtelewe van ons naaste in te lewe nie. Soos Jean Piaget spreek: ons is te ego-sentries, daarom kom daar van n regte gesprek so min teregt.¹⁾ Met die taalonderwys kan die onderwyser dus onbewus behulpsaam wees om n beter verstandhouding met sy naaste te weeg te bring.

Ook moet/...

1) Piaget, J. The language and thought of the child.p.50

Ook moet die taalonderwyser gereeld die gelese deel in eie woorde laat weergee om uit te vind of die leerlinge die inhoud goed verstaan het. As hulle daar 'n gewoonte van maak, sal die kinders met die lees van die Bybel dieselfde doen.

Indirek kan die moedertaal dus 'n belangrike hulpmiddel wees by die godsdiensstige opvoeding.

By die doseer van die twee amptelike tale mag die godsdiensstige opvoeding ook nie verwaarloos word nie. Veral in die hoërskole en opleidingskolleges kan daar telkens by die behandeling van voorgeskrewe boeke en gedigte verwys word na die feit dat die mens 'n verantwoordelike wese is en hoe onverantwoordelik hy dikwels handel. Daarom is dié keuse van voorgeskrewe boeke so uiters belangrik omdat in daardie periodes die geleentheid so uiters gunstig is om ongemerk aandag aan die godsdiensstige opvoeding van die leerling te wy.

'n Paar jaar gelede was bv. Pilgrim's Progress van John Bunyan voorgeskryf. Watter gunstige geleentheid bied hierdie werk nie om verskillende godsdiensstige begrippe te beklemtoon nie! Vir die Junior Sertifikaat-eksamen is hierdie jaar "Die wit perd." van Van Heerden voorgeskryf, waarin die mag van die toordokter en die ontsettende vrees van die Bantoe vir alle magiese en onbegrepe gebeurtenisse duidelik uitkom. Hierdie boek skep ook/....

skep ook gulde geleenthede om daarteenoor die mag van God te plaas wat telkens vir sy kinders sê: Vrees nie.

As in die opleidingskolleges of hoërskole 'n drama van Shakespeare behandel moet word, kan die onderwyser die wanpraktyke in die menslike verhoudings bespreek en sy leerlinge laat sien dat jaloersheid, haat en skuldgevoel 'n mens radikaal kan breek. Ook hier kan ons wys op die sonde en hoe alleen Jesus Christus die skuldgevoel kan wegneem en ons met die Vader kan versoen.

Dit gebeur soms ook dat daar in 'n voorgeskrewe boek 'n vloekwoord gebesig word. Die onderwyser kan dan die geleentheid aangryp om bv. te vra wie nog nooit gevloek het nie, of om te vra waarom 'n mens vloek. Dit sal heelwat antwoorde uitlok, bv. Uit gewoonte, omdat ons groot wil praat, ens. Uit al die antwoorde gee die onderwyser weer sy eie bevindings en sy eie mening en laat sodoeende nuwe lig op die derde gebod val; nl.: Jy mag die naam van die Here jou God nie ydellik gebruik nie.

In 'n boek maak bv. 'n persoon hom aan drankmisbruik skuldig. Hierop kan 'n interessante klasgesprek volg waarin die oorsake en gevolge van dronkenskap bespreek kan word.

Die poësie in die hoërskoolklasse van die opleidingskolleges bied voldoende geleenthede om oor die diepste wese van/....

wese van die mens en sy lewensdoel n gesprek te begin. In die Engelse letterkunde is daar volop materiaal waaruit die onderwyser kan kies. Om slegs n paar voorbeelde te noem:

1. Die pragtige gedig van John Milton, "On his blindness". As die onderwyser dit op die regte wyse bespreek en ontleed kan daar n uiters vrugbare bespreking op volg.
2. As ons n tydgenoot van Shakespeare wil noem, kan die onderwyser Christopher Marlowe behandel en veral sy Dr. Faustus, scene XIV, waarin die digter vertel van n verharde sondaar wat sy siel aan die duivel verkoop het en wat nou die fatale uur van sy verdoe-menis sien naderkom.
3. Wanneer Shelley as digter bespreek word, kan sy ateïstiese revolucionêre beskouing as totaal anti-christelik gekritiseer word en kan die dosent probeer bewys hoe anti-christelik hierdie lewensfilosofie vir n mens is omdat dit hom tot volkome slawerny en ondergang voer.

Die taalonderwyser moet ook elke leerling aanmoedig om die Bybel in Engels en Afrikaans aan te skaf. Dit is aan te beveel dat daar gedurende n taalles so nou en dan stukke uit die Bybel gelees word waarin daar veral op die pragtige seggingskrag van die Skrif gelet word. In hierdie verband moet dan beslis die nuwe Engelse vertaling van die Nuwe Testament genoem word wat baie/....

wat baie meer aan die Engelse skryftaal aangepas is as die tradisionele Engelse Bybels met hulle verhewe taal.

Dit is verder aan te beveel dat daar Engelse en Afrikaanse geestelike liedere geleer word wat hy gepaste geleenthede in die klas gesing kan word.

In n Engelse of Afrikaanse praatles kan besprekingsonderwerpe met n morele strekking geneem word, bv. die voor- en nadele van bioskoop besoek, of die vryetydbesteding, ens. Vir hierdie tipe les moet die leerlinge hulle eers grondig voorberei en gedurende die les moet alle punte van belang op die bord geskrywe word. Aan die end van die les gee die onderwyser sy eie bevindings en noem nog ander punte van belang waaraan die leerlinge waarskynlik nie gedink het nie.

Dus, al staan die godsdienstige vorming by taalonderwys nie op die voorgrond nie, is daar genoeg aanknopingspunte indien die onderwyser dit ernstig bedoel om aan sy leerlinge n godsdienstige opvoeding te gee.

3. Die godsdienstige opvoeding by Geskiedenisonderrig.

Die geskiedenisonderwyser in die hoëskool en opleidingskollege het miskien baie meer geleentheid om opvoedkundige werk te verrig as sy kollega wat taal moet gee/...

moet gee. Hy kan deur sy besielde onderwys sekere ideale van moed, trou, lojaliteit, hulpvaardigheid en eerlikheid ens. skep. Die hoofpersone in die geskiedenis kan hy so lewendig skets dat hy sy leerlinge onbewus sal aanmoedig om die sterk en goeie karakters te bewonder en na te volg, maar aan die ander kant die swak en onbetroubare karakters te veroordeel.

Die onderwyser moet egter vir een gevaaar oppas, nl. om persone nie te veel te verheerlik of te veroordeel nie, hy kan liewers hulle dade krities ontleed.

Maar dit is nog nie voldoende nie. Vir die geskiedenisdosent wat 'n Christen wil wees, wag daar nog 'n ander belangrike taak. Hy moet aan sy leerlinge probeer bewys en verduidelik dat die geskiedenis van die mensheid nie 'n opeenvolging van feite is nie, nie slegs 'n aaneenskakeling van oorsake en gevolge is nie, maar dat daar agter al die handelinge van die mense 'n goddelike plan-lê. Hy moet laat blyk soos Berkhof sê dat " de geschiedenis het veld is van de menselijke daden en beslissingen en dat zij ook het terrein is waar de culturopdracht van de mens wordt gerealiseerd." ¹⁾

Verder moet hy ook laat blyk dat die menslike dade en beslissinge nie van God losgemaak kan word nie en dat/....

1) Berkhof, H. Christus de zin der ges. p.13.

en dat alles n doel het. Hy kan op die ontwikkeling van die geskiedenis wys, hoe bv. by die primitiewe natuurvolkere die hele menslike bestaan in n kringloop voortbeweeg, omdat volgens hulle alles aan die natuurwette van opgaan, blink en versink onderworpe was, maar dat langssamerhand hom die mens uit die mag van die natuur losgeskeur het, waardeur hy geleer het om die natuur te beheers. As voorbeeld kan die ontwikkeling van die Griekse geskiedenis geskets word.

Die Griekse het nog nie die regte geskiedenisvisie besit nie omdat die mens, volgens hulle, aan die blinde noodlot onderworpe was. Hier teenoor kan die dosent die Joodse geskiedenisopvatting skilder wat die geskiedenis nie as n kringloop sien nie, maar as n reguitlyn met n begin- en eindpunt. Die eindpunt is sy finale bestemming waarheen die hele mensheid voortbeweeg. En op daardie lewenspad is die mens nie aan die toeval of aan die blinde noodlot onderworpe nie, maar aan God wat die mens in vryheid geskape het, maar aan wie hy ook verantwoordelik bly. Omdat die mens in vryheid geskape is, moet hy self beslissings vel en besluite neem. Maar nou kan daar dwarsdeur die geskiedenis van Israel bewys word dat daar dikwels deur die volk besluite geneem is buite God om met die tragiese gevolg dat Israel sy eie ondergang bewerkstellig het.

Ons kan/....

Ons kan nog 'n stap verder gaan en die geskiedenisbeskouing van Augustinus op die voorgrond stel. Volgens hom het die geskiedenis nie alleen 'n beginpunt en 'n einddoel waarheen die mensdom hom voortbeweeg nie, nl. die voltooiing van die Godsryk, maar dit het ook 'n middelpunt, nl. die komst van Jesus Christus op aarde. Die onderwyser kan dan uit die Skrif bewys, dat solank die mens aan Hom gehoorsaam is, Hy hom veilig na sy eindbestemming sal bring.

Daar is egter nog 'n ander mag en dit is die mag van Satan wat alles aan die werk stel om die mens van sy regte koers af te dwing. Volgens Augustinus in sy beroemde werk "De Civitate Dei" is die mens betrokke in die stryd tussen God en die Satan.¹⁾ Uit die geskiedenis probeer Augustinus bewys dat Satan van die aardse koninkryk gebruik maak om die hemelse koninkryk te beveg.

Dus die stryd wat hier op aarde gesien word, is eintlik maar 'n refleksie van wat in die ryk van die geeste plaasvind. Dit word ook in Daniël 10 beskrywe waarin ons lees dat die aartsengel Michaël die stryd teen die vors van die Perse aanbind.

Edelkoort, in sy verklaring oor die boek Daniël beskryf hierdie episode baie kernagtig. Hy beweer tereg dat in die laaste instansie die wesentlike beslissings nie hier/...

¹⁾ Noordmans, Dr. O. Augustinus. p.162-182.

nie hier op aarde gevel word nie, maar in die hemel.

Ons is slegs dienare van geestelike magte, wat in moderne taal "ideologië" genoem kan word. Die tragiese van die mens is dat hy nie besef dat hy slegs 'n slaaf van sy ideologië geword het en nie maklik daarvan los kan breek nie. Die tweede wêreldoorlog is 'n skrikwekkende illustrasie daarvan. 1)

Dan vra Edelkoort aan die einde "Waar is uw plaats in dien geweldigen strijd der geesten? Is uw plaats aan de zijden der duivelen? Of aan de zijden der engelen? Over het einde van den strijd hebt gij uw beslissing niet. Maar hierover hebt ge wel te beslissen! Ik kan de vraag ook anders stellen: Is uw plaats aan de zijde van Jezus Christus, of aan de zijde van alle anti-christelike macht, die zich tegen Hem verzet?" 2)

As die onderwyser hierdie beskouing oor die geskiedenis aanhang, sal hy alles in die regte perspektief sien en sal hy in staat wees om nie alleen die blote feite aan die kinders te onderrig nie, maar ook aan sy leerlinge die geweldige ondeurgrondelike raadsbesluite van God te laat sien wat nie alleen die wêreld geskape het nie, maar dit ook onderhou en tot 'n glorieuse oorwinning voer.

In een/...

1) Edelkoort, A.H. De prediking van het boek Daniel. pl52.
Ibid. p.162.

In een van die laaste artikels wat J. Huizinga, die historikus, kort voor sy dood geskryf het, beweer hy eintlik dieselfde. Hy bepleit 'n breër en dieper behandeling van die godsdienstige strominge van die maatskaplike lewe. Volgens hom is hierdie vernuwing in die behandeling van geskiedenis 'n eis van die Christelike beginsel.

Huizinga sien die taak wat die mensheid moet volbring kortliks in Gen. 1:26-28 geteken. Die mens moet die aarde in sy volle omvang aan homself onderwerp en diensbaar maak. Dit kan slegs geseen wees indien dit tot eer van God geskied. Wanneer hy hierdie taak vervul het, is die sin van die geskiedenis bereik.¹⁾ Maar die uitvoering van hierdie roeping is deurkruis deur die sondeval. Die Satan wou die skepping van God vernietig. Maar dit het nie geluk nie. Naas die Kains geslag het die linie van Seth ook voortbeweeg. Beide geslagte was verplig om hulle roeping uit te voer. Die een in humanistiese sin, die ander in diens van God.²⁾

Dan besluit/....

1) Christelijke Paedagogische Studieblad. Nov. 1953.p.364.
2) Ibid. p.364.

Dan besluit hy: "In de eerste plaats moeten we de historie zien als voortdurende pogingen van Satan om Gods gemeente tot afval te brengen.

In de tweede plaats ook pogingen om het goede dat de mensen uit de schepping te voorschijn brengen in kwaad te verkeren.¹⁾

Huizinga sien dan ook die sin van die geskiedenis tweeledig. Ten eerste is dit 'n godsdienst- en kerkstryd.

Ten tweede is die sin van die geskiedenis geleë in die vervulling van 'n maatskaplike roeping, maar dan as 'n stryd tussen God en Satan, tussen Christendom en Humanisme. Geskiedenis het dus volgens Huizinga 'n godsdienstige en maatskaplike kant wat beide prinsipiëel benader moet word.

Maar ten laaste is daar nog 'n staatkundige kant, wat ook prinsipiëel gesien moet word. Volgens die Skrif het God die owerheid aangestel en moet elke owerheid gehoorsaam word. Maar dit is die plig van

elke/...

1) Christelijke Paedagogische Studieblad Nov. 1963. p. 364.

elke owerheid om 'n regverdige samelewing te verkry.
Anders, so skryf hy: "zou er immers een chaos ontstaan en volbrengen van die maatschappelike taak onmogelijk zijn en nog minder een beschutting van die gemeente tegen het geweld der ongoddelyke macht."¹⁾

Hy bepleit dus dat die geskiedenisboeke die volgende drie aspekte moet beskrywe:

Ten eerste 'n godsdienstige aspek.
Ten tweede 'n maatskaplike aspek.
Ten derde 'n staatkundige aspek.

Telkens moet daaruit die teenstelling blyk tussen Christendom en Humanisme.

As die onderwyser die geskiedenis so behandel, sal hy in elke les met godsdienstige opvoeding besig wees en hy sal sy leerlinge iets waardevols vir die lewe saamgee wat hulle nooit weer sal vergeet nie.

Wat die maatskaplike kant van die geskiedenis betref, het die Amerikaner Henri R. van Til 'n waardevolle studie gemaak in "The Calvinistic Concept of Culture." Nadat hy eers in hierdie werk die begrip,

kultuur, / . . .

1) Van Til, H.R. The calvinistic concept of culture.
p.30.

kultuur, uitvoerig bespreek het, definieer hy dit as volg:

"Culture is any and all human effort and labor expended upon the cosmos to unearth its treasures and its riches and bring them into service of man for the enrichment of human existence unto the glory of God"¹⁾)

As hy hierdie begrip verder omskrywe, sê Van Til:

"Thus man was placed in this created world to have dominion in the name of God to bring to fruition and fulfilment in this glorious cosmos to rule over all God's sake. This was his office, his trust, his obligation. Thus culture may be either godless or godly, depending on the spirit which animates." ²⁾)

En dan besluit hy:

"Thus culture is a must for God's image bearers, but it will be either a demonstration of faith, or an apostacy, either a God glorifying or a God defying culture."³⁾)

Watter pragtige/....

1) Van Til, H.R. The calvinistic concept of culture. p.30

2) Van Til, Henri R. Ibid. p.31.

3) Ibid. Ibid. p.32.

Watter pragtige taak is daar vir die geskiedenis-onderwyser weggelê as hy die maatskaplike ontwikkeling van die mensheid behandel. Telkens kan hy op die kentekens van die afvallige kultuur wys en telkens kan hy die roeping van die Christen beklemtoon wat hierdie aspek van sy taak betref, nl. dat God hom in die wêrld geplaas het om Hom te verheerlik en kultuur-draer te wees in die regte betekenis van die woord en die aarde vrugbaar te maak, te verryk en oor alles in Sy naam te heers. As hierdie gedagte gereeld deur die onderwyser beklemtoon word, sal dit 'n diep indruk op die leerling maak, sodat hy later, as hy in die werklike lewe kom, sy groot verantwoordelikheid teenoor God sal besef.

Deur hierdie uiteensetting het ons probeer bewys dat godsdiensonderrig en geskiedenisbeskouing ook baie nou aan mekaar verwant is. As die onderwyser die geskiedenis van Israel vertel, kan hy sy geskiedenis-beskouing daaraan vasknoop.

Maar ook wanneer hy die geskiedenis van die Bantoerasse skilder, kan hy wys dat daar gedurende eeue geen ontwikkeling by die primitiewe bantoe plaasgevind het nie omdat hulle in 'n onontkombare kringloop van die natuurmagte vasgeval was. Die onderwyser kan daarop wys/....

daarop wys dat die kringloop deur die komste van die Christendom verbreek is omdat Christus die natuur weer ontgodelik het. Die gevolg is dat Hy die mens weer in die ware vryheid gestel het sodat hy van nou af heerser van die natuur geword het en sy oorspronklike staat terug ontvang het.

Hierdie proses van vrywording, van ontgodeliking, noem Verkuyl "saecularisatie"¹⁾. Dit gebeur egter dikwels dat na die ontgodeliking van die natuur daar 'n reaksie intree en die menslike aktiwiteit weer vergodelik word. Hierdie nuwe vergodeliking word deur Verkuyl as gesloten sekularisme aangedui. Hy omskryf die hele proses as volg: "Onder een open saecularisatie proces versta ik het proces van ontgodeliking van de natuur en de mensen en van alles wat mensen doen en het proces van mondigwording."

Wanneer die mense hulle nie meer as gode of godinne beskou nie, maar die geskapene as gewone skepsels erken, wat nie meer vergodelik kan word nie, vind daar 'n proses van sekularisasie plaas. Hierdie kultuurmandaat word op alle terrein uitgevoer. Die mens word mondig of gesekulariseer. Maar indien hierdie proses tot 'n nuwe vergodeliking van die menslike aktiwiteite lei, noem Verkuyl dit gesloten sekularisme.²⁾

Op hierdie/....

1) Verkuyl, J. De taak der missiologie en der missionaire metodiek in het tydperk van saecularisatie en saecularisme. p.21.

2) Ibid. p.22.

Op hierdie gebied wag ook 'n groot taak op die geskiedenisonderwyser, veral as hy die mondigwording van die primitiewe nasies behandel. Dan is dit sy plig om op die gevare van die moderne kultuur te wys en te laat blyk hoe maklik die mens God van sy troon kan stoot, omdat hyself skepper wil word.

Daar is dus in elke opsig geweldige geleenthede vir die geskiedenisonderwyser om die kind tot mens te vorm in die oorspronklike betekenis van die woord sodat hy weer aan sy goddelike roeping kan beantwoord.

4. Die godsdiestige opvoeding by Aardrykskunde.

In die vorige gedeelte het ons spesifiek gelet op die groot waarde wat geskiedenis by die godsdiestige vorming van die kind het. Maar 'n vak wat nie maklik van Geskiedenis losgemaak kan word nie, is Aardrykskunde. Die Bantoe-onderwysdepartement het dan ook in die Junior Sertifikaatkursus en in die Opleidingskolleges die twee vakke saamgegroep onder die naam, Sosiale Studie en dit 'n verpligte vak in die skole gemaak. Hoewel daar stemme opgegaan het om Sosiale Studie weer in twee vakke te skei, is hierdie jaar weer besluit om dit nie te doen nie.¹⁾

Die rede is voor die hand liggend. Die dade van die/....

1) Bantoe Onderwysblad. April 1966.

van die mens kan 'noot van die grond waarop hy lewe geskei word nie, En heelwat geskiedkundige feite kan nooit verstaan word sonder 'n noukeurige kennis van die land en sy bewoners nie.

Vir die godsdiestige opvoeding het Aardrykskunde al dadelik 'n groot waarde. Die Christen beskou die aarde as die skepping van God en Genesis l bly altyd vir hom die basis: "In die begin het God die hemel en die aarde geskape."

Die hoërskoolleerling sal seker met vrae voor die dag kom en hy sal graag 'n antwoord wil hê omtrent skepping en ewolusie, die ses skeppingsdae en die miljoene jare waaroer die geoloë graag spreek, ens. Dat die probleem nie sommer ligtelik opgeneem kan word nie, bewys wel die feit dat heelwat teoloë van naam soos Sizoo, Ridderbos, Aldres, Barth e.a. daar aandag aan bestee het.¹⁾

Daar kan nie in besonderhede op al die beskouings ingegaan word nie. Wat vir die huidige belangrik is is die manier waarop die leerling aan ons skole van 'n antwoord voorsien kan word wat hom sal bevredig en waarvan hy gebruik kan maak as hy self onderwyser is.

In die eerste plek kan die onderwyser beklemtoon dat Genesis I nie slegs 'n verhaal is nie, maar prediking. God openbaar Hom in hierdie hoofstuk as die sprekende en handelende God en die openbaring is heilsopenbaring.

In die/....

-
- 1) Sizoo, G.J. De ouerdom der aarde.
Ridderbos, N.H. Beschouwingen over Geneis. I.
Aalders, J. Korte verklaring van Genesis.
Barth, Karl, Kirchliche Dogmatik, Dl.III

In die tweede plek moet ons besef dat hoewel die Heilige Gees die eintlike Auteur van die hele Skrif is, God tog gebruik gemaak het van mense wat in 'n spesiale milieu opgegroei het en ook 'n spesiale voorstellingsvermoë besit het. In daardie lig moet ons die Skeppingsverhaal beskou.

In die derde plek wil ons daarop wys dat die Bybel geen wetenskaplike werk is waarin die probleme wetenskaplik opgelos moet word nie. As ons dit wel so beskou, skep ons onnodige probleme.

Daarom moet die onderwyser die verhaal net so vertel soos dit in die Bybel staan en die skeppingsdae nie in tydperke verander nie, omdat daar duidelik in Genesis I staan: Dit was aand en dit was more. Beklemtoon gereeld in hierdie verhaal die grootheid van God, die Skepper en Onderhouer van alles en laat uit die woord sien op watter wonderlike wyse Hy alles regoor.

Maar by Aardrykskunde gaan dit nie slegs oor die aarde en sy vorming nie, maar ook oor die mens wat die opdrag ontvang het om die aarde te onderwerp en te kultiveer. Dan bemark ons weer die intieme verband tussen geskiedenis en aardrykskunde en hoe die een vak nie los van die ander gegee kan word nie.

Dus die/....

Dus die mens wat die aarde tot eer van God moet kultiveer, moet ook hier onder die soeklig kom. En telkens word gewys dat God aan die mens die opdrag gegee het om die aarde te onderwerp, ryker en skoner te maak. Maar ook word beklemtoon dat alle menslike arbeid 'n plig is en dat hy alle werk as 'n diens aan God en sy medemens moet beskou.

As ons die sosiale aspek in aardrykskunde bespreek, mag die rasseprobleem ook nie vergeet word nie. Dit is die plig van die Christenonderwyser om te toon dat deur die sonde, integrasie van rasse in hierdie afvallige wêreld nooit 'n sukses sal wees nie, omdat die jaloersheid en onderlinge wantroue altyd die kop sal uitsteek. In hierdie verband kan hy dan verder op die voordele van parallelle ontwikkeling wys en aantoon hoe elke ras volgens sy eie geaardheid kan ontwikkel en ook sy eie bestuursvorm kan kry.

Ten laaste sal hy moet beklemtoon dat elke mens aan God verantwoording verskuldig is, nie alleen ten opsigte van sy taak wat hy moet vervul nie, maar ook ten opsigte van sy verhouding tot sy naaste.

By die bespreking van die verskillende lande, moet ook die godsdiens wat die mensdom aanhang, kortlik behandel word. En dan maak dit 'n vergelyking met die Christendom noodsaaklik. Ons kan bv. gebruik maak van Prof. Dr. J.H. Verkuyl se indeling:¹⁾

1. As Afrika/....

1) Verkuyl, J. Zijn alle godsdiens gelijk? pp. 100-110

1. As Afrika aan die beurt is, word die heidense stamgodsdiens met die sogenaamde dinamiese wêreldebeskouing bespreek. Veral die magiese elemente wat by miljoene so'n geweldige vrees veroorsaak, word ondersoek, en die bygeloof dat daar spesiale voorwerpe en persone is wat as draers van sekere kragte beskou word, kan met die waarheid van die Christendom, waarin vrees en bygeloof geen bestaansreg mag hê nie, vergelyk word.
2. Ook die fatalistiese vorms van religie, waarby die lewende God deur die lot, die "fatum" of die sterrebeelde vervang word, soos by die ou Grieke en Romeine, word met die Skrif vergelyk. Dit is goed dat die onderwyser ook nog vertel hoe baie mense in die moderne wêreld van vandag daardie fatalistiese geloof aanhang.
3. Verder noem Verkuyl nog die profetiese religieë wat voorstellings van God het wat in die gees van die mens self uitgedink is. Hy noem die Mohammedanisme of die Islam wat hier in Afrika so'n geweldige vordering maak.
4. Ten laaste noem hy die moralistiese godsdiens, soos die Confusianisme, Hindoeisme en Brahmanisme wat ook onder die Indiërs vandag nog baie aanhangers het.

Hy beklemtoon tereg dat al hierdie godsdiens pogings tot selfverlossing is, terwyl die Christendom leer dat dit alleen genade is waardeur die mens verlos ksn word. 1)

Na aanleiding/...

1) Verkuyl, J. Ibid. p.103.

- 123 -

Na aanleiding hiervan kan ook die sendingsroeping bespreek word en kortliks die pogings genoem word wat in die loop van die eeu al gedoen is om die evangelie aan alle volkere te verkondig.

Dus uit die voorafgaande ontleding sien ons duidelik hoe baie moontlikhede daar vir die godsdiestige vorming in die vak aardrykskunde opgesluit lê.

5. Die godsdienstige opvoeding by Biologie,
Gesondheidsleer en Natuurwetenskap.

Die bestaande drie vakke wil ons kortliks as een groep behandel en probeer bepaal hoe die onderwyser die godsdienstige opvoeding van die kind in hierdie vakke kan behartig.

Van Duyvendijk en Visser noem as doel van die onderwys in hierdie drie vakke:

- (1) Die aanbring van kennis van die organiese en anorganiese skepping.
- (2) "Om Gods werken te leren verstaan en te genieten, en de zegen voor het practische leven te leren inzien." 1)

Vir die godsdienstige opvoeding het hierdie vakke dus weer besondere waarde. Duyvendijk en Visser noem drie waardes vir die godsdienstige vorming van die kind:

(1) Eerbied/....

1) Van Duyvendijk, P. en Visser J.B., Schoolorpvoeding en -onderwijs, p.176.

- (1) Eerbied vir Gods skepping.
- (2) Dankbaarheid vir sy gawe.
- (3) Bewondering vir sy wysheid.¹⁾

Die bedoeling is nie dat by elke les die godsdiensstige vorming van die kind op die voorgrond moet staan nie, maar by die behandeling van sekere gedeeltes kan soms in 'n paar sinne bewys word hoe wonderlik alles deur God geskape is. Bv. by die bespreking van die menslike liggaam kan aangetoon word op watter wonderlike wyse God die mens geskape het en watter kunswerk ons liggaam met al sy organe, spysvertering, bloedsomloop en ingewikkeld senuweestelsel is.

Die grootheid van God kan ook dikwels by die behandeling van dier- en plantkundige onderwerpe bewys word. Neem bv. die verskynsel van camoeflase, die wonderlike beskuttende aanpassing by die omgewing van voëls, vlinders en ander diere. Dit moet beskou word as goddelike leiding in die dierewêrld.

As die/.....

1) Van Duyvendijk, P. en Visser, J.B. Schoolopvoeding en Onderwijs. p.176.

As die onderwyser sy vak só behandel, en die bewondering en dankbaarheid telkens laat uitkom, sal die kinders op die duur besef dat alles op die aarde aan sy goddelike raad onderworpe is en dat niks sonder sy wil plaasvind nie.

Dan sal die leerlinge hulle tog onbewus self afvra: as God se liefde al so wonderlik in die hele natuur sigbaar is, hoeveel te meer moet ons van sy liefde teenoor die mens, wat na sy beeld geskape is, versekerd wees nie?

Dit is dan die geleentheid dat die onderwyser ook vir die ouer leerlinge kan verduidelik dat ons God nie alleen uit die Heilige Skrif kan leer ken nie, maar ook sy voetstappe in die natuur sien. Dit is ook soos die Nederlandse Geloofsbelijdenis dit sien, waar in artikel II staan: "Ons ken Hom deur twee middele. Ten eerste deur die skepping, onderhouding en regering van die hele wêreld, aangesien dit voor ons oë is soos 'n mooi boek waarin alle

skepsele/....

skepsele, groot en klein, sy letters is wat ons die onsigbare dinge duidelik laat sien, naamlik sy enige krag en Goddelikheid soos die apostel Paulus sê in Romeine 1:20 : dinge wat almal genoegsaam is om die mense te oortuig en hulle alle verontskuldings te ontneem.

Ten tweede maak Hy homself aan ons nog duideliker en meer volkome bekend deur sy heilige en goddelike Woord, soveel naamlik as wat ons nodig het in hierdie lewe, tot sy ere en die saligheid van die wat aan Hom behoort.¹⁾

Dus deur middel van die godsdiestige opvoeding in die wetenskaplike vakke kan ons ons kinders ook na Hom bring. As hulle sy stem in die natuur herken, sal hulle eers die waarde van die pragtige psalm 19 verstaan:

Die hoë/.....

1) Nederlandse Geloofsbelijdenis, opgestel deur Guido de Bres in 1561. Agter in die Psalmboek.

Die hoë hemelrond
vertel met blye mond
Gods heerlikheid en eer,
en, wonderbaar deurglangs,
vermeld die wye trans
die werke van die Heer.

6. Die godsdienstige opvoeding by sommige ander vakke.

Oor die godsdienstige opvoeding by ander vakke
kan ons kort wees.

(a) Rekenkunde.

By rekenkunde speel die godsdienstige
opvoeding slegs indirek 'n rol. Miskien
kan die onderwyser in die hoër klasse so
nou en dan op die simboliek van getalle
in die Bybel wys, bv.:

- (i) 3 is die simbool van 'die goddelike
heilighed.'
- (ii) 7 is die simbool van die volmaaktheid.
- (iii) 10 is die simbool van die volheid. ens.

Ook kan op die getallesimboliek in die
boeke Daniel en Openbaring gewys word.

Verder kan vermeld word dat God 'n God van
orde is en dat alles op 'n bestemde tyd plaas-
vind, nie alleen in die geskiedenis nie, maar
ook in ons eie lewe. En daarom kom die orde en
reëlmaat ook in die getalleverbinding tot uit-
drukking.

(b) Sangonderwys.

Nog 'n enkel woord oor die godsdienstige
vorming by sangonderwys, omdat hierdie vak in
Bantoeskole/....

Bantoeskole nogal belangrik is en daaraan heelwat tyd bestee word, veral om rede die sangkompetisies wat in sowel prim re, ho r- en opleidingskole jaarliks dwarsdeur die Republiek georganiseer word.

Van Duyvendijk en Visser noem as doel van sang-onderwys in die skool:

- (a) Het leren zingen van liederen die het g moedsleven gunstig beinvloeden.
- (b) Oefening en ontwikkeling van de stem.
- (c) ~~vergedeling~~¹⁾ van de volkszang."¹⁾

Hierdie drie doeleteindes is ook op Bantoeskole van toepassing. Daarom het sang n groot waarde, nie alleen vir die estetiese vorming nie, maar ook vir die religieuse, morele en sosiale vorming van die kind.

Ons kan in hierdie verband veral dink aan die bekende Duitse woorde: "Wo man singt, da lass dich ruhig nieder, B se Menschen haben keine Lieder."²⁾

As dus die natuurlike begaafdheid van die bantoe-kind op die regte wyse ontwikkel word, kan dit n geweldige/.....

1) Van Duyvendijk, P. en Visser, J.B. Schoolopvoeding en -onderwijs. p.186.

2) Veldkamp, J. en De Boer, K. Kun j r zingen, zing dan mee. Inleiding. p.1.

weldige invloed ten goede uitoefen. Op die Batswana Opleidingskool word bv. n groot verskeidenheid geestelike liedere gesing wat in die loop van die jaar ingestudeer is en elke more by die oggendwyding en gedurende die periode van godsdiensonderrig word daarvan gereeld gebruik gemaak.

Die gereelde sing van geestelike liedere sal op die gemoedslewe van die meeste leerlinge tog onbewus n onuitwisbare indruk nalaat.

7. Afleidings wat uit voorafgaande beskouings gemaak kan word.

Uit die voorafgaande beskouings oor die godsdiestige opvoeding van die verskillende vakke kan die volgende afleidings gemaak word:

- (1) Die lewe van n mens kan nie in n godsdiestige en wêreldale deel verdeel word nie.

As die onderwysers in die hoërskole en opleidingskolleges dus van hulle opvoedkundige taak bewus is, en veral die godsdiestige vorming van hulle leerlinge in die oog het, sal die meeste al spoedig besef dat godsdiens nie tot die Sondag en tot die kerkdiens beperk is/.....

beperk is nie, maar dat dit in al die menslike aktiwiteite, bewus of onbewus, 'n rol speel.

Die onderwyser kan dan gereeld beklemtoon dat die lewe nie in twee dele, 'n godsdienstige wat beperk is tot sekere tye en 'n wêrldlike wat die res van jou lewe in beslag neem, verdeel kan word nie. Die lewe is 'n geheel en in alle sfere van die lewe moet God die eerste wees.

Volgens Van Til is hierdie beskouing die groot krag van die Protestantisme en hy beweer:

"The Protestant Reformation did not merely seek to cleanse the church and deliver it from doctrinal errors, but it also sought the restoration of the whole life." ¹⁾

En veral Calvyn het dit helder gesien. Van Til sê verder:

"Calvin however, saw more clearly that religion and culture cannot be separated without suffering loss. For Calvin grace was not merely a spiritual power alongside of nature, leaving the latter intact, but salvation to him was the renewal of the whole man and the restoration/....

1) Van Til, H.R. The Calvinistic concept of culture.p.19

restoration of all the works to God.

For Calvin, Scripture was the norm for
the whole existence.¹⁾

Dit is die groot verskil met die Rooms-Katolieke
opvatting wat n dualisme verkondig. Van Til skryf
hieroor:

"The Roman Catholic Church separates the super-
natural from the natural, but does not enter
it to transform it: creation and re-creation
remain two independent entities. Rome ad-
vocates: The church is the sphere of reli-²⁾
gion, the world is the area of the profane."

Gunning beaam ook ten volle die Calvinistiese be-
skouing oor die eenheidsbeskouing in die lewe as hy
skryf: "De mensch voelt zich echter als eenheid en
heeft een imperieuze en onafwijsbare, een door niets
te verschalken behoefté aan levenseenheid."³⁾

Hy waarsku verder vir eensydige ontwikkeling van
die onderdele, soos dit dikwels by skeppende kunste-
naars gebeur, omdat daar heelwat ongebalanseerde
mense onder hulle is.

Om dieselfde rede is wêreldversaking, soos dit
in die/.....

1) Van Til, H.R. The Calvinistic concept of culture. p.20

2) Ibid. p.21.

3) Gunning, J.H. Verzamelde Paedagogische opstellen,
Nieuwe Reeks. p.93.

dit in die kloosterlewe beoefen word en in piëtistiese kringe beklemtoon word, verkeerd. Die wêreld is óók Gods eiendom, soos Jesus duidelik gesê het in sy laaste woorde voor Hy na die hemel gevaaar het: "Aan my is gegee alle mag in hemel en op aarde"¹⁾ Daarmee het Hy dus eintlik beklemtoon dat die aarde ook aan Hom behoort en dat ons die plig het om dit tot Sy eer te kultiveer. Maar dit kan alleen tot sy reg kom as ons besef dat "Daseinskultur" geen selfstandige waarde het nie, maar in diens van die "Jenseitskultur" moet staan. Soos Gunning sê:

"De houding van de Christen ten opsigte van de "Daseinskultuur" wordt bepaald door het woord van Paulus: Alles is het uwe, maar gij zijdt van Christus." ²⁾

Daarom as die opvoeder hom alleen tot wêreldlike opvoeding bepaal, doen hy groot skade aan die kind. Hy kan hom dan miskien wel 'n ryke skat van goedere vir die lewe saamgee, maar die grootste skat onthou hy hom. Hy bring hom tot die poort van die dood, maar deur die poort kan hy hom nie lei nie, omdat hy self nie die pad daarheen ken nie. Al die realiteite van die aardse lewe kan/....

1) Matth. 28:18.

2) Gunning, J.H. Verzamelde Paedagogische Opstellen. Nieuwe reeks. p.101.

lewe kan hy die kind laat bemeester, maar vir die grootste realiteit, die dood, het hy nog geen oplossing gevind nie.

Die wêreldlike opvoeding sonder die steun en fondament van die godsdiestige opvoeding laat die kind leeg en onvergenoegd deur die lewe gaan. As beide, die wêreldlike en die godsdiestige opvoeding egter saamgesnoer is, is die werklike eenheid in die lewe herstel. Saam met die eenheid kom ook die innerlike vrede en harmonie wat die opvoedingsdoel van Kohnstamm is, as hy sê: "Opvoeden is een mensch in wording te helpen om zonder anderen lastig te vallen den diepsten hem bereikbaren vrede te vinden"¹⁾

Die Christelike opvoeder moet ook teen 'n ander gevaaar waak, nl. dat die godsdiestige opvoeding nie langs die aardse lewe staan nie, maar daarin opgaan. Of soos Gunning sê: „Godsdienstige opvoeding moet zich voortdurend in dit aardse leven openbaren, het moet zich om zo te zeggen door dat leven omhoogwerken, want het is niet een rustig bezit, maar iets dat voortdurende strijd in onophoudelijke worsteling moet worden veroverd, behouden en versterkt. In dien zin komt de godsdiestige opvoeding dan ook niet na de wêreldlike, maar beginnen zij beiden tegelykertijd." ²⁾

2. n Tweede/.....

1) Oberholzer, O.K. Inleiding in die Prinsipiële Opvoedkunde. p.43.

2) Gunning, J.H. Ibid. p.106.

(2) 'n Tweede afleiding wat ons wil maak is dat onderwys en opvoeding nooit neutraal kan wees nie, maar dat dit altyd aan die lewensbeskouing van die onderwyser vasgekoppel is. Jou lewensbeskouing is nie soos jou klere wat jy na gelang van omstandighede kan verwissel nie. Jou lewensbeskouing is 'n inherente deel van jou, jy dra dit met jou saam, bewus of onbewus.

Dit is die opvatting van alle Christelike opvoedkundiges. Coetzee skrywe tereg:

"Lewensbeskouing en opvoedingrigting is innig inmekaar ingeweef, geen lewensbeskouing sonder soortgelyke opvoedingsbeweging en geen opvoedingbeweging sonder sy fundamentele lewensbeskouing nie.¹⁾

Hy bewys dit verder uit die verskillende lewensbeskouings in die verlede en hy kom tot die slotsom dat die antwoord op alle opvoedingsvrae in die laaste instansie op grond van ons lewensbeskouing gegee word.

Kohlbrugge sê so kernagtig in sy "Sociologie"
"De neutraliteit moet er toe leiden om de persoonlijkheid van de onderwijzer uit te schakelen en van hem een intellectuele machine te maken."²⁾

Ook Bavinck beklemtoon dat neutraliteit in die opvoeding onmoontlik is. Hy druk hom skerp uit as hy skryf:

"God eischt/...

1) Coetzee, J. Chr. Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, p.32.

2) Van Duyvenboddy, Pieter, T.J.B. 1908 p.16

"God eischt den ganschen mensch voor zich op met geheel zijn hart en geheel zijn ziel en met alle krachten. Neutraliteit ten opzichte van den godsdiens is dus op zijn zachtst uitgedrukt, onverschilligheid, vooringenomenheid, en dikwerf vijandschap. Op geen enkel gebied brengt men dan ook bij de opvoeding zulk een neutraliteit in toepassing. Bij het leeren lezen en schrijven, bij het aanwijzen van wat goed en kwaad is, bij het onderwijs in Rekenkunde, Aardrijkskunde, Geschiedenis, enz, houden ouders en onderwijsers zich niet neutraal, maar zeggen ze ieder oogenblik dat dit zoo en zoo, en niet anders is. Neutraliteit is een principe dat in gezin en school, principieel toegepast, alle onderwijs en opvoeding onmogelijk zou maken."¹⁾

Waterink beweer dieselfde as hy skryf:

"De godsdiens-tige opvoeding is de grondslag, het principe voor, het hoogtepunt in, en het eindpunt van alle opvoeding. Geen enkele opvoedingsvorm mag aan het religieuze volkomen zijn ontrokken."²⁾

Beide hierdie afleidings is veral in ons Bantoe Opleidingskolleges belangrik, want hier word die fondament gelê. Van hieruit gaan die studente die lewe in om weer te gee wat hulle ontvang het.

As die/....

1) van der Zweep; De Paedagogiek van Bayinck, p.165.
2) Waterink, J. Theorie der Opvoeding. p.562.

As die kolleges in staat is om elke jaar n groep beginselvaste onderwysers na die Laerskole te stuur sal daar in die toekoms n kern van getroue werkers ontstaan wat onder alle omstandighede die regte leiding kan gee.
